

Die Sierduif

July 2023 / Julie 2023

The Fancy Pigeon



Links ontvang Phillip Lee sy pryse vir beste Senior duif op skou met die Mookee vanaf Christo Munnik en Chris de Bruin

Regs ontvang Jaco Marais sy pryse vir beste Junior duif op skou met die King vanaf Christo Munnik en Chris de Bruin





Dear Aviomed Clients

We sincerely appreciate and take pride in Aviomed's involvement and sponsorship at the annual Fancy Pigeon SA Championship Show, hosted by the North of the Vaal and Western Transvaal. We are delighted to share our significant contributions to this remarkable event.

Aviomed, a company committed to supporting the well-being of pigeons and promoting excellence within the avian industry, took great pleasure in sponsoring various items at the SA Championship Show. Our contributions aimed to recognise the participants' dedication and talent while enhancing the overall event experience.

Firstly, Aviomed proudly donated five hampers awarded to the first three senior and two junior participants. These hampers, valued at R4000.00, were carefully curated to provide essential supplies and resources that aid in the care and maintenance of pigeons.

In addition to the hampers, we extended our support to the top performers in both the Senior and Junior classes. The top seven winners in the Senior class and the top three winners in the Junior class received Aviomed products, each valued at R532. This sponsorship, totalling R5,320.00, aimed to assist the winners in further enhancing the health and performance of their cherished pigeons.

Furthermore, we proudly sponsored Mr Phillip Lee, the overall winner of the SA Championship Show, a complete pre-breeding program valued at R8187.00. This comprehensive program will undoubtedly contribute to the success of Mr Lee's breeding efforts.



Aviomed would like to extend a warm congratulations to all the winners, as well as to the organisers for such a successful event. We at Aviomed consider it an honour to be associated with the SA Championship Show. The participants and organisers' passion, skill, and dedication align perfectly with our company's values. Through our sponsorship, we aim to encourage the pursuit of excellence within the pigeon community while promoting the health and well-being of these remarkable birds.

Once again, I extend my deepest gratitude for allowing Aviomed to participate in this prestigious event. We remain committed to supporting initiatives that foster growth, sportsmanship, and innovation within the pigeon industry.

WE LOOK FORWARD TO FUTURE OPPORTUNITIES FOR COLLABORATION OR SUPPORT

Kind regards

Dr Ockert Botha



Indeks / Index

Editors Page / Redakteur se blad	3
Voorwoord - Cora Munnik	3
Nasionale Presidents verslag - Chris de Bruin	4
Spesiale versoek vir hulp aan Leanè Munnik	4
SA's 2023 Bloemfontein - Seppie Esterhuysen	6
Ons groet jou Simon Jordaan - Chris de Bruin	8
SA Kampioenskappe - Marleen Esterhuizen	10
SA Kampioenskapskou volledige uitslae	
Marleen Esterhuizen	13
Scoreboard and Rules	40

Birthdays / Verjaarsdae

B078 - Jan Grobbelaar	02-Aug
H083 - Jan Kamfer	02-Aug
B046 - Jan Lombard	02-Aug
K007 - Ds Renier Lee	06-Aug
W090 - Nadia van Aswegen	06-Aug
D008 - Willem J v Vuuren	08-Aug
B095 - Nicolette Sobreira	09-Aug
H009 - Dr Koot Serfontein	10-Aug
N053 - Pranesh Singh	11-Aug
V061 - Frikkie Mostert	11-Aug
V009 - Rikus van der Vlies	12-Aug

C033 - Dirk Scholtz	13-Aug
V031 - Chris vd Walt	13-Aug
C013 - Awie Small	13-Aug
C001 - Jan Labuschagné	14-Aug
H042 - Ian Singleton	16-Aug
K030 - Joseph Pienaar	17-Aug
N019 - Dr Graham Hartley	19-Aug
B055 - Gerhard v Aswegen	20-Aug
W065 - Harry Munnik	21-Aug
D041 - Daleen Esterhuyzen	22-Aug
H048 - Dennis Lesar	22-Aug
N004 - Christo Munnik	23-Aug
B025 - Naas Dreyer	23-Aug
C024 - Liam Werth	23-Aug
B085 - Sevannah de Bruin	24-Aug
K056 - Jannie Kruger	24-Aug
B034 - Ettiene Oosthuizen	28-Aug
G044 - Bertus Pretorius	28-Aug
D056 - Tinus Labuschagné	28-Aug
C011 - Jan Wilkens	31-Aug
B068 - Willie J v Rensburg	31-Aug



Voorwoord
Cora Munnik
Nasionale
Redakteur

In Tydjie het verloop vandat ek laas die voorwoord geskryf het maar nou is dit weer my beurt.

Die jaar se skoue het gekom en gegaan en toe breek die tyd aan vir die SA Nasionale Kampioenskap skou. Dit was die eerste keer dat dit deur twee streke aangebied is en dan nog ook in 'n ander streek. Aan die persone wat nie daar was nie, julle het baie gemis en aan al die doemprofete – julle is verkeerd bewys.

Hierdie skou was soos vroeër jare met al die lek-

ker kuiers in die aande. Dit is by hierdie geleentheid wat daar baie gesprekke plaasvind wat kan help met die uitbou van die stokperdjie, omdat dit ontspanne gesprekke is. Daar word ook baie vriendskappe gebou en herinneringe gemaak.

Die terugvoer wat ons gekry het, was positief en almal is glo dat dit die pad is om te loop.

Baie dankie aan elkeen wat 'n bydrae gemaak het om hierdie skou te laat werk.

Ek wil net 'n probleem uitwys wat opgetel is met die publikasie van die uitslae en wil hê dat beoordelaars en helpers asseblief aandag gee daaraan: Daar was kleurklasse wat twee eerste plekke toegeken is en dan derde en vierde plekke. Dit maak dit baie moeilik om die uitslae reg deur te gee.

Baie sterkte en voorspoed met die teelseisoen



**NASIONALE
PRESIDENTS
VERSLAG:
SASV: 2022/2023**

Chris de Bruin

My sewende jaar as Nasionale President is verstreke en daar was heelwat veranderings en aanpassings in die SASV oor die afgelope sewe jaar gewees. Ons is nou besig om die gevolge van die Covid-19 pandemie en die uitwerking wat dit op ons ekonomie en ons lede het, te voel.

Ons het gedurende die jaar ook verskeie lede, ouldele en familie van lede aan die dood afgesta-

Streek	Des. 2021	Des. 2022	7 Junie 2023	Toename / Afname	% Groei
Noord-van-die-Vaal	47	50	39	+3	+6%
Noord-Vrystaat	33	26	21	-7	-27%
OostelikeProvinsie	28	25	15	-3	-12%
Wes-Kaap	26	24	24	-2	-8%
OostelikeStreek	16	16	13	--	--
Noord-Kaap	15	15	15	--	--
Vrystaat	15	17	12	+2	+12%
Kwa-Zulu Natal	14	9	8	-5	-56%
Wes-Transvaal	11	8	10	-3	-38%
Suid-WestelikeDistrikte	6	6	6	--	--
Totaal	211	196	163	- 15	- 8%

an. Ons gebede was by almal en ons dink aan hul geliefdes wat agtergebly het. Daar is ook baie lede wat siek is en ons wens hulle `n spoedige herstel toe.

Ons ledetal aan die einde van Desember 2022 was 196 wat 15 minder was as 2021 se 211 lede. Dit is `n negatiewe groei in ledetal van -8% teenoor verlede jaar se negatiewegroei van -17%. Op die 7de Junie 2023 was ons ledetal 163 en dit is egter nog baie laag en die Uitvoerende Komitee is besig om na maniere en reklame te kyk m meer lede vir die SASV te werf. Die Streek wat % gewys die grootste groei getoon het is die Vrystaat met 12% wat twee (2) lede verteenwoordig gevolg deur Noord-van-die-Vaal met 6% wat drie (3) lede verteenwoordig. Ons moet die manne en vroue daar gelukwens met wat hulle reggekry het. Ongelukkig het al die anderstreke `n daling in lede-getalle getoon, met die uitsondering van OostelikeStreek, Noord-Kaap en Suid-Westelike Distrikte wat se ledetal konstant gebly het.



Hulp word gevra vir een van ons lede, Harry Munnik, alreeds 36 jaar lid van die SASV, se dogter. Leanè Munnik is serebraal gestrem en benodig spesiale toerusting en behandeling om haar lewe makliker te maak en dit kos ongelukkig baie geld en die medies betaal nie altyd vir alles nie. As enige iemand dalk kan help deur 'n eenmalige bedrag of dalk deur 'n maandelikse bydrae, sal dit baie waardeer word. Die geld kan direk in haar bankrekening inbetaal word.

**Leanè Munnik
Capitec account 1859637416
Branch code 470010**

Met die SA's te Malmesbury het die Uitvoerende Komitee 'n werkskomitee saamgestel om die moontlikheid van 'n sentrale SA Kampioenskapskou in Bloemfontein te ondersoek. Die komitee het egter gouer ontbind as wat dit saamgestel was en ons het met 'n situasie gesit waar daar geen streek was wat aansoek gedoen het om die 2023 SA Kampioenskapskou aan te bied nie.

Toe nog onder leiding van Gerhard van Aswegen het Noord van die Vaal verlede jaar op die Wes-Transvaal Jongduifskou besluit om die SA Kampioenskapskou aan te bied en om dit in Bloemfontein te hou. Wes-Transvaal se Bestuur het onmiddellik aangedui dat hulle bereid is om saam met Noord van die Vaal te werk. 'n Skoubestuur is toe op Noord van die Vaal se Algemene Jaar Vergadering aangewys wat as volg is: Shaun Smeda, Gerhard van Aswegen, Nollie Oosthuizen, Phillip Lee, Rob Lombaard, Sevanah de Bruin, Willie van Zyl, Awie, Daleen en Marleen Esterhuizen en Chris de Bruin. Wat die groep positiewe lede aan mekaar geslaan het, is 'n eerste vir die SASV en dit wat ons die afgelope drie dae geniet het. Kom ons gee hulle 'n groot handeklap.

Oor die algemeen was ons skoue kleiner as vorige jare, deels oor die knypende ekonomie wat tot gevolg het dat lede minder duive aanhou en ook minder duive skou of minder skoue bywoon. Die uitbreek van siektes in sommige lede se hokke het hierdie teelseisoen ook baie vrektes tot gevolg gehad en het ook veroorsaak dat baie lede hierdie jaar minder of geen skoue bygewoon het nie.

Ek het hierdie jaar se skouseisoen drie Streekskoue en een Jongduifskou, te wete Noord-Vrystaat, Oostelike Streek en Wes-Transvaal Streekskoue en Wes-Transvaal se Jongduifskou bygewoon. Die vyfde skou wat ek sou bywoon, te wete KwaZulu-Natal was ongelukkig afgestel. Ek is van mening dat die toekoms vir Streek- en Jongduifskoue daarin lê dat ons lede meer van saamry geleentheid of klubs gebruik moet maak om skoue by te

woon en dat ons ook jaarliks sekere skoue moet teiken vir bywoning. Noord van die Vaal en KwaZulu-Natal het reeds gewys dat dit kan werk.

In 2022 was 5142 duive geskou en gedurende 2023 was 5274 duive geskou (132 meer) ingesluit die huidige SA's in Bloemfontein. Daar was hierdie jaar weer 'n geringe toename in die aantal duive wat geskou was in vergelyking met 2022. Die huidige SA's in Bloemfontein het net meer as dubbel die aantal duive as wat verlede jaar in Malmesbury was (1347 teenoor 663) en die getal vertoners het ook meer as verdubbel van 33 na 72. Ek dink dit is 'n aanduiding vir ons dat die sentrale SA Kampioenskapskou die pad is wat ons in die toekoms moet oorweeg. Getalle by die streekskoue was oor die algemeen minder duive vertoon as verlede jaar, maar ek dink onder die huidige ekonomiese omstandighede waarin ons tans verkeer is dit nie sleg nie.

Gedurende 2023 was daar 92 verskillende rasse geskou teenoor 2022 waar daar 87 rasse geskou was. Uit die 148 rasse in die Standaardeboek, was daar dus in 2023, 56 rasse waarin geen duive geskou was nie teenoor 2022 se 61 rasse waarin geen duive geskou was nie. Ek wonder in hoeveel van hierdie rasse is daar nog duive in Suid Afrika beskikbaar? In 2023 was daar 24 rasse waarin daar 'n totaal van minder as 10 duive geskou was teenoor die 28 rasse in 2022.

Die top tien rasse geskou vir 2023 is as volg:

1. Sjinese Uile 490 (Verlede jaar 9de met 191)
2. Mookees 366 (Verlede jaar 1ste met 530)
3. Modenas Schietti Gemerk 303 (Verlede jaar 2de met 315, maar dit was die Gazzi en Schietti saam)
4. Brunners 257 (Verlede jaar 3de met 286)
5. Working Homers 246 (Nuu, verlede jaar 13de met 125)
6. Birmingham Rollers 245 (Verlede jaar 4de met 271)
7. Holle Croppers 238 (Verlede jaar 5de met 221)
8. American Show Racers 208 (Verlede jaar 10de

met 188)

9. Portugese Tumblers 164 (Nuu, verlede jaar 12de met 140)

10. Old German Owls 152 (Nuu, verlede jaar 11de met 154)

Geluk aan die lede wat met die top tien rasse teel en wat tot die prestasie bygedra het. Die Sjinese Uile, Working Homers, Holle Croppers, American Show Racers en Portugese Tumblers is die enigste top tien rasse wat 'n groei in getalle getoon het met meer duive wat in 2023 vertoon was. Die Sjinese Uile het die grootste groei getoon met 299 meer duive vertoon. Die Working Homers, Portugese Tumblers en Old German Owls het opgeskuif in die Top 10 rasse in en die Waaierterte, Norwich Croppers en Satinette & Blondinette het uitgeval.

Die SASV het 'n groot tekort aan Beoordelaars en ek wil 'n beroep op ons lede doen om hulself as Beoordelaars te bekwaam. Dit sal die druk op ons huidige Beoordelaars baie verlig. Sosiale media het dit moontlik gemaak vir ons lede om vinnigerskou-uitslae en fotos te versprei en dan is daar ongelukkig ook lede wat negatiewe kommentaar op die fotos lewer. Ons moet onthou dat fotos net 'n oomblik vasvang en nie werklik die kwaliteit van die spesifieke duif wys nie. Daar is 'n groot verskil tussen, om 'n duif in die hand te beoordeel of op 'n foto en ons moet dit besef en dit in gedagte hou voor ons kommentaar lewer.

Ek het 'n bekommernis oor die funksionering / bestaansreg van ons Spesklubs met die wyse waarop hulle tans funksioneer. Die meeste Spesklubs

bestaan net in naam en daar gaan verder niks aan om die rasse te bevorder nie. Die Sponsduif-, Waaiertert- en Modenaklub is die enigste Spesklubs wat werklik aktief is en iets vir die rasse doen. Die Uitvoerende Komitee het dan ook gedurende Februarie hierdie jaar die volgende Spesklubs dormant verklaar en hul bates in trust geplaas; Bodemtuimelaars, Sjinese Uile, Kleurduive, Modenesers, SA Tuimelaars, Old German Owls, Skaarsrasse, Swaarrasse, Strassers en Trompetters & Toys.

Dan is daar die Indiese Waaiertert, en Mookee en Engelse Long Face Tuimelaartelers wat aktiewe WhatsApp-groepe bedryf en werklik hul rasse daardeur bevorder. Die SASV moet begin kyk hoe ons sosiale media tot ons voordeel en bevordering van ons doelwitte kan gebruik.

Hierdie was ook weereens 'n onstuimige jaar wat baie onderstroming in die SASV blootgelê het. Ek wil 'n ernstige beroep op ons lede doen dat ons meer verdraagsaam teenoor mekaar sal wees en net by die reëls sal hou. Dit is elke lid se eie verantwoordelikheid om op hoogte te wees van wat die SASV se reëls behels en wat toelaatbaar is.

Laat ons al die onaangename dinge agter ons sit en met nuwe positieweiteit die leisels vat en 2024 'n beter jaar maak. Mag die nuwejaar vir almal net mooi en opwindende dinge inhou. Onthou jou familie, vriende en duive is kosbaar.

Uit die pen van

Chris de Bruin

Nasionale President

12 Julie 2023

SA's 2023 sal altyd onthou word, nie net vir die lekker skou nie, maar die eerste van sy soort. Dit wys jou, hoe meer koppe hoe meer planne en planne wat kon werk!!! Ek self kon nie verby die tradisionele manier van skou aanbied kom nie. Twee streke bied 'n skou aan in 'n ander streek en oplossings vir die uitdagings wat reg voor jou kom staan, word aangepak en opgelos!!! Vir my was die logis-



SA's 2023 te Bloemfontein!

Seppie Esterhuysen

tiek om daardie klomp skou-materiaal daar te kry en op te slaan en dan die kos voorsiening. Geluk Shaun, jy en jou span het goeie werk gedoen!! Ek vermoed daar het nog 'n paar hare by jou uitgeval,

Skoue kom en gaan. Party vergeet jy gou, by ander sal daar altyd iets vassteek en uitstaan, dit maak die skou spesiaal.

Ja, die kompetisie-gedagte is altyd teenwoordig, maar as jy eers dieper kyk, kom daar ander juweeltjies na vore wat jou altyd bybly en die hele optog skou toe die moeite werd maak!!

Wat 'n gemoedelike atmosfeer het daar geheers. Vertoners was ontspanne, vriendelik, die bestuur van die skou behulpsaam. Wat 'n aangename 3-manskap by die admin-tafel. Daar kan dit rof raak, want die admin moet loop, maar ten spyte van dit, altyd vriendelik en behulpsaam gewees.

As ek dink aan al die vertoners wat die skou bygewoon het, besef mens baie van die duiwe mense het eintlik "familie" geword, ons skou eintlik al jare saam. Hier dink ek aan Christo en Cora, Lourens en Magda, At en Riana, Robin, Attie, Hendriena (sy't kom kuier), Dirk, Chris de bruin, Chris en Elsabie, Bertie en Gerda, Harry en sy familie, Ruben, Ds Renier, Ds Hennie, Awie en Daleen, Jannie en Petra en Pieter Neethling. Dan is daar die wat ek later leer ken het, Gerhard, Floors, Nardus, Hein, Shaun en KJ, Jan Kamfer, Lappies, Phillip, Marleen, Elzaan, Leendert, Marno (Rudi Viviers se kleinseun), Johan en Karlien en dan die wat ek onlangs leer ken het (sorry as ek iemand uitgelaat het). Dit is 'n

voorreg dat my paaie met julle klomp gekruis het!! Ek wens ek kon die KZN manne beter geken het, lyk na 'n klompie aangename manne!!

Wat 'n mooi oomblik toe Christo Munnik noem dat dit 'n voorreg is om as hoofbeoordelaar op te tree tydens die skou en as Nasionale hoofbeoordelaarsbeampte te dien, daar was 'n krakie in sy stem. Ek het sommer aanvaar dat dit ook net 'n taak is, dit is nie, dit is 'n voorreg!!!

As jou kos nie lekker is nie dan is 'n geleentheid gedoem. Dankie Daleen en kie, die snoepie was 'n wenner, lekker kos en netjies, die kos elke aand 'n wenner en natuurlik die kos van die Vrydagaand. Ons het die Donderdagaand se potjies misgeloop, hoor dit was tops!!

Dankie vir die span wat gereeld die kos en water van die duiwe vervang het, ek het dit waardeer!!!!

Ek het 'n sagte plek vir die swaarras-duiwe, seker omdat ekself met hulle boer. Vir my was dit 'n veer in die hoed dat 2 duiwe uit die stal, die Gross mondain en die King onder die Top 7 was!! Hierdie 2 duiwe was by Vrystaat en Noordkaap die Kampioen duif onderskeidelik. Weereens geluk aan die ander Top 7 wenners asook die Junior Top 7 wenners.

Wat 'n verrassing was dit nie om die klomp juniors by die SA's te sien nie. Glo my, hulle kon 'n hele Kinderkransklas volgemaak het. Dankie vir die ekstra ondersteuning wat aan hulle gegee word, onthou hulle moet die ou klomp gryskoppe en pan koppe in die toekoms vervang!!!! Ek sien lig vir ons



Plakkerskamp Boerdery

Stantonstraat 1, Fichardpark, Bloemfontein.

Selfoon: 082 378 6447

Epos: plakkers@wol.co.za

August 2022

Teler van: Brunner Pouters in Wit, Blou, Bruin & Swart

Teler van die Reserwe Kampioen duif tydens

2022 SA Kampioenskapskou

Teel ook: Norwich Kroppers in Rooi, Mealy & verwante kleure

vereniging. Laat die wenmotief bietjie minder aandag kry en die deelneem motief meer aandag. Kom ons skerp dit by ons kinders in!!!. Geniet dit as jy wen, maar laat GENIET ook sy regmatige plek kry. Onthou, almal kan nooit eerste staan nie.

Erkenning vir wat jy iewers bereik het, is baie belangrik. Ek het al gedink watter van die erekleure is die belangrikste, of watter is onnodig!! Nadat ek hieroor getop het, het ek besef elkeen het sy plek. Sonder goeie administrasie kan geen geleentheid seepglad en suksesvol verloop nie, hier kry die persoon wat 'n uithaler teler is die geleentheid om sy pronkstuk te kom vertoon, met opgeleide beoordelaars wat weer hul bes doen om die beste duif te laat wen. Nee, geeneen is belangriker as die ander een nie, die 3 vul mekaar aan. So, geniet jou erekleure wat jy ontvang het of werk bietjie harder om dit te verwerf. Dankie dat daar aandag of in die toekoms meer aandag aan die wat dit ontvang gegee gaan word tydens die SA's. Ook 'n eerste

vir die SA's is 'n junior wat sy erekleure ontvang het, geluk Karel-Jan, ek glo ou Shaun se baadjie se nate het gebars, myne sou!!

Die prysuitdelingsfunksie het nou die regte format, lekker kos, lekker gesels en uitdeling van pryse, ons kan die dansery maar los. Bertie het hom reggemaak om weer die dansbaan te open soos by SA's 2022 te Malmesbury, sorry Bertie!!!

Gun my die geleentheid om ook 'n aanbeveling te maak vir toekomstige beplanning. Ekself gaan die aanbeveling ook toepas in ons streekskou 2024 te Uppington. Modena's moet verkieslik in enkellaaghokke vertoon word met draadafskortings tussen die duive. Ek weet spasio en finansies loop hand-aan-hand, maar dit is die beste opsie waar dit moontlik is.

Jul kan terugstaan, julle handewerk bekyk en weet dit was goed!! Geluk manne en vroue!!



Ons groet jou Simon Jordaan – “Agent Karbadust”

Chris de Bruin

Ek was oppad huis toe na 'n kuier by Wikus van Niekerk toe At van Jaarsveld my gebel het met die slegte nuus van Simon se afsterwe. My oë was vol tranes al die pad huis toe. Ek het Simon skaars twee weke vroeër gesien met die Oostelike Streekskou in Nelspruit. Mens kon toe al sien dat Simon nie gesond was nie, maar min het ek geweet dat dit die laaste maal sou wees wat ek hom sou sien. Simon was stil maar het tog rondgery en met almal 'n geselsie aangeknoop. Hy was so trots op sy Krasnodarer Tumbler wat Sesde Reserwe Duif op die skou was. By nabetraging is ek baie bly dat hy

die eer kon beleef het voor sy afsterwe.

Ek het Simon in die vroeë negentigs ontmoet en ons twee het sommer dadelik gekliek. Sy geliefde ras was die Archangel en hy het tot met sy dood daarvoor baklei dat die Archangel apart van die Gimpels geskou moes word. Hy was baie passievol oor die Archangels maar hy het ook Birmingham Rollers en Krasnodarer Tumblers gehad. Simon se hande het vir niks verkeerd gestaan nie en hy het van die mooiste staalwerk gedoen wat ek nog gesien het. Die mooiste verskillende vorms en patrone is gesweis. Hy was ook baie lief vir musiek en het die SASV lede gereeld vermaak met sy musiek wat hy op die geselsgroep geplaas het. Ek moet sê die musiek het nie in almal se smaak geval nie, maar ons het dit so aanvaar van Simon en net weer normaal aangegaan. Hy was ook ons amptelike DJ met die 2005 SA's wat Noord-Transvaal (nou Noord van die Vaal) in Pretoria aangebied het.

Simon was 'n baie gelowige persoon en sy lewe

het dit weerspieël. Hy was ook tradisie vas en sy volk se geskiedenis was vir hom belangrik. Sy mannewales en gespottery met homself sal beslis baie gemis word. Skoue sal ook nie meer dieselfde wees sonder “Agent Karbadust” om almal te vermaak of te verpes nie.

Ons groet jou Simon en weet jy kry nou nie meer swaar nie en jy is beslis op `n beter plek.

Tot ons mekaar weer eendag sien.

Simon by sy Krasnodarer Tumbler wat Sesde



Reserwe Duif op die Oostelike Streekskou was en soos ek hom altyd sal onthou met sy “Agent Karbadust” mus.

Ek wil graag die volgende berig oor Simon wat op 27 Julie 2018 in `n plaaslike koerant in Witrivier, Die Laevelder verskyn het met almal deel. Dit is beslis soos wat ek Simon sal onthou en ek glo dat hy sou wou hê ons almal moet hom so onthou.

Kwadrulpeeg laat hom nie onder kry nie



The Fancy Pigeon

“Ek het gelewe vir die wêreld en wat gebeur as die wêreld jou klaar gebruik het? Hy spoeg jou uit,” sê Simon.

(27 JULIE 2018)

WITRIVIER – “Hy het miskien sy nek gebreek, maar my man het ruggraat.” Só sê die 32 jaar lange eggenoot van ‘n kwadrupleeg, Simon Jordaan, wat sedert ‘n ongeluk op die ouderdom van 20 verlam is.

Simon het tydens ‘n ontspanningsessie in 1981, by ‘n oord naby Pelindaba in Gauteng in die bodem van ‘n swembad vasgeduik en sy nek gebreek. Strydig met wat ‘n mens sou verwag, het hy na die ongeluk “begin lewe”.

“Ek het gelewe vir die wêreld en wat gebeur as die wêreld jou klaar gebruik het? Hy spoeg jou uit,” sê Simon.

Hy was ‘n kranige stoeier en in sy Noord-Transvaalse kleure het iemand hom om elke hoek en draai begroet. “Ek het gedink ek het vriende,” vertel Simon. “Maar waar was hulle die dag toe ek my vermoë om te beweeg verloor het? Hulle het langs my by die swembad gestaan waar ek hulpeloos gelê het en vir my gesê ek moet opstaan. Maar ek kon nie. Drie dae later het ek wakker geword, en hulle was weg. En dit is hoekom jy nie vir ander mense of vir die wêreld moet lewe nie,” vertel hy. Hy weier dat dít hom onderkry.

Simon en sy vrou Susann bly in harmonie saam by ‘n kleinhoewe skuins voor Karula Hotel op die R538 Yaverland-pad. Met Laevelder se aankoms op ‘n koue Saterdagmiddag bied die joernalis aan om die ou inhakhek oop te maak, maar nee... In sy elektriese rolstoel, dik in wintersklere getooi, maak Simon op sy aangepaste manier die hek sonder sukkel oop – wat indrukwekkend is, aangesien sy beweging in sy arms tot sy gewigte beperk is, en hy glad nie sy hande toe kan maak nie.

Die Sierduif

“Ek sit in ‘n rolstoel, maar die lewe hou my nie op nie – ek lewe,” sê hy.

Behalwe vir sy treffende versameling duiwe, doen hy ook sweiswerk, en glo dit of nie, hy is ook ‘n platejoggie.

Sy vrou sê sy het nog nooit so ‘n positiewe mens ontmoet nie, en sou geen ander lewensmaat wou kies nie. “Al is hy van ander afhanklik, bly hy steeds

die man van die huis. Hy hoef nie ja en amen te sê vir alles wat ek sê nie,” sê sy. “As ons iewers heen ry, is hy die een wat steeds die bande moet nagaan, hy moet die olie check, hy moet sy eie klere pak,” sê sy, en terwyl ons in die buitlug sit waar Simon die meeste van sy tyd bestee, omring deur sy trots – smaraggroen engelskouduiwe, en ‘n tuin waarin jy jouself kan verloor, sê hy dít is wat die lewe interessant hou. “Solank jy lewe, maak die beste daarvan.”



SA Kampioenskappe te Bloemfontein 2023

Marleen Esterhuizen

Hierdiejaar was dit ‘n eerste in die SASV se geskiedenis dat twee streke gesamentlik die Nasionale Kampioenskappe aanbied en in ‘n sentrale gebied wat nie in een van die twee streke se gebiede geval het nie. Groot uitdagings ten opsigte van skoumateriaal het ons laat kopkrap, maar nadat daar met lede en hul kennis kontak gemaak is het ons gou die uitdaging – of moet ek nou sê kopseer – plat gestoomroller. Die hele skou het ons beplan en bespreek via “Teams” vergaderings, whatsapp boodskappe en oproepe. Met tye het dit gevoel of ons ons koppe in ‘n byekorfb gestee het terwyl daar ander tye was wat dit gevoel het of ons op ‘n “lazy river” is. Die afwagting en opwinding vir die skou het werklik eers begin posvat Saterdag die 24ste toe ons groepie elkeen begin pak het vir die groot optrek na Bloemfontein. Met foto’s van die saal wat nie een van ons lekker kon aflei wat is voor en wat is agter het dit sekere mense skoon ‘n slapelose nag laat beleef. Met die aankoms by die saal was dit besluit om die res van die span wat nog oppad is ‘n streep te trek en ‘n gespottery oor deurnag

werk om die saal opgeslaan en gereed vir die vertoners te kry is begin. Al laggend toe die hele span by die saal is het ons ons duiwe in die eerste klomp hokkies ingehok en water en kos gegee. Almal het vertrek na die Rusplek waar ons vir die hele week sou tuisgaan en het almal met Nollie se medisyne kennisgemaak en die beloofde jaffels bygedam.

Maandagoggend het ons weggespring en die vloer-materiaal geruil met die karton wat Rob Lombaard vir ons gekry het. Gou het dit ‘n instelling onder ons geword as een vinnig ‘n “meeting” breek vat, dan breek die hele groep om die sement tafeltjies naby die Cosmos-saal. Die middag het gevolg met “paperclip” opleiding aangebied deur ons Nasionale President – Chris de Bruin – en het ons begin die hokkaarte uitpak. Een span het die “paperclips” gehak, oom Chris het vooruitgegaan met die uitpak van die hokkaarte en die res van ons het gespartel om voor te kom met die hang van die kaarte. Ons het die dag teen ‘n geweldige pas afgesluit met beide sale se hokkaarte klaar gehang, die sand & skaafsels klaar in die hokke gegooi en groot pret tydens die opleidingsessie.

Dinsdagoggend het ons weggevaar om eerste ons duiwe na hul regte hokke toe te skuif. Marleen Esterhuizen het begin met die adminhoek uitsorteer terwyl die res van die groep almal saamgespan het om die eetsaal waar ons ook die top7 duiwe van beide juniors en seniors gaan vertoon netjies te maak dat dit by ons hele tema van mielies kan aansluit. Die rasname op die hokke, die beloofde

mielies al die pad van Makwassie as versiering op die kopkante van die rye was ook op die te doen lysie voor ons kon terugkeer na ons slaapplek om saam met die lede wat al gearriveer het te kuier om braaivleis vure langs die swembad.

Woensdag het vlot verloop en ons groep het elk een aangegaan en gehelp waar hy of sy kon. Terwyl die helfte van ons gedugte opslaan span in die eerste vergadering vir die SA's gesit het, moes die ander lede van die span op hul voete dink vir die media wat ons kom besoek het. 'n Groot dank aan Elmarie van Bloemskou wat ons skou onder die media mense se aandag gebring het; daar was heelwat media wat die skou gedek het en die publiek bewus gemaak het van ons stokperdjie se Kampioenskapskou wat aan die plaasvind was. Ons sê baie dankie aan Leendert Snyman vir die skenk van die skape wat gespitbraai was vir die openingsfunksie. Tydens die openings funksie was dit effens beknop in die een saal, gelukkig is daar 'n addisionele eetsaal en lapa waar die mense na hartelus kon kuier. Met 'n kort onderbreking van ligte het die dames van die span ingespring en die mense van die gastehuis gehelp met flitsligte by die opskepbakke en na die ligte weer aangekom het sommer vanselfsprekend aanhou help met die opskep van die kos. Dankie aan Jannie vd Heever en Six strings of therapy vir die musiek wat julle die aand vir almal gemaak het.

Die dag van beoordeling het aangebreek en daar was letterlik afwagting en trots in die lug gewees. Beoordelaars kon beoordeel en ons twee skoubestuurders - Hein Hoffman en Phillip Lee - was

die taak opgelê om die raswenners van elke ras na die gemerkte hokkie in die Cosmos-saal te neem. Hulle het omtrent tussen die twee sale beweeg. By die admintafel het die sertifikate ook heel vlot verloop. Aan die eenkant was die sertifikate gedoen en aan die anderkant was die katalogus ook opdateer. Hoofbeoordeling het ook vlot verloop en die resultate van die top 7 duiwe is deurgegee. Die dames het die dag op ons gereelde bus uitstappie gegaan waar hulle verskeie plekke besoek het en hul toer vir die dag by die Zanchieta Wildlife Rescue afgesluit het. Meeste van die lede het dit gaan vier by die gastehuis waar ons drie soorte potjies beskikbaar gehad het. Skaap – geskenk deur Phillip en Rob; Rooibok – geskenk deur Sevy en 'n hoenderpot. Daarmee saam kon elkeen kies tussen rys of stampmielies. Dit was 'n aand van grootkuier, lekker lag en saamgesels.

Die Vrydag se vergaderings het vlot en vinnig verloop. Na die vergaderings het jy oral mense gesien wat besig was met die praktiese toetsing as beoordelaars. Teen die middag se kant was ons weer eens deur die media mense besoek waar hulle onderhoude met die wenners en lede gevoer het.

Almal het hulle gaan optof vir die dineeaand wat in die eetsaal direk langs die duiwe gehou was. Die top duiwe is gebring en in hul hokkies gesit waar hulle ook die aand se verrigtinge bygewoon het – 'n andersheid wat ook nog nie gebeur het nie. Met 'n lamendige podium vinnig geprakseer uit bokse het ons die mense begin verwelkom soos wat hulle gearriveer het. Dit was nogal aanskoulik toe die span juniors almal saam om die tafel in die middel

George Nell



*Teel met Syrian Dewlaps
en gaan poog om met hulle te vlieg
en ook met Birmingham Rollers
e-mail: georgenell42@gmail.com
Sel: 083 536 6917*



Oktober 2022

van die saal te lande gekom het. Ons het spesiaal die mense van buite wat ons hande gevat het en sterk gemaak het uitgenooi na die dinee funksie as VIP gaste. Die prysuitdelingsfunksie het vinnig verloop – tydens die eerste sarsie toekennings wat uitgedeel was, was die voorgereg bedien. Met die spesiale toekenning van Phillip het dit almal aan die lag gehad. Die Uil & Strikduifklub, American Show Racer Klub en die Birmingham Roller klub het ook van die geleentheid gebruik gemaak om hul spesikulb trofees aan die wenners te oorhandig.

Na die hoofgereg was daar voortgegaan met die prysuitdeling en die spesiale toekenning wat Hein moes ontvang om op die regte geleentheid aan die toekenning se regmatige eienaar oorhandig te word. Na 'n grootgespartel was die lootjies vir die belt en handsak ook agter die rug met behulp van Shaun se hoed – die koevert kon nie lekker skud nie. Na al die pryse en trofees uitgedeel was, was dit tyd vir nagereg en fotos.

Die Saterdagoggend het ons goed gedink om die program bietjie te vervroeg en te druk met die vergaderings. Teen 11uur was almal klaar gepak en het die groot groet waar almal se paadjies skei waarop almal 'n veilige reis toegewens was. Ons

groep wat opgeslaan het, het begin met die afslaan. Naamborde is afgehaal, die mielies wat ons saal versiering was is mooi afgehaal omrede die manne van die hoenders wie se hokke ons gehuur het dit as hul versierings ook wil gebruik. Die 'cableties' waarmee die hokke vasgemaak is, is losgeknip en die hokke is plat gevou en teen die muur opgestapel. Water en kosbakke is, terwyl die mense uitgehok het, solank deur die werkers uitgehaal en in die sakke geplaas. Ons duiwe is almal na die boonste saal geskuif. Nadat alles afgeslaan is in die Violetsaal is ons fort na die gastehuis waar ons en die lede wat nog 'n aand oorslaap die kos van die dinee weereens geniet het, so 'n klein rukkie gaan rus het en weer later die aand in een kamer saamgekuier het. Sondagoggend het ons by die saal bymekaar gekom en die terugtog huise toe aangepak.

Ons was 'n klein span maar het aan almal bewys dat 'n gesentraliseerde skou moontlik is en bes moontlik die pad vorentoe sal wees. Dis nie net meer bekostigbaar op die lede se sakke nie, maar ons het ook nou 'n netwerk van kontakte opgebou met plaaslike mense wat nie skroom om hande te vat nie. Baie geluk aan al die wenners, dit was 'n skou om te onthou.



Harry Munnik



*Teel met Birmingham Rollers
Brunner Pouters
Norwich Croppers
Indian Fantails
Holle Croppers
Mookees*



Sel: 072 600 6919 - e-mail: munnikharry5@gmail.com

Oktober 2022



Links is al ons Juniors wat duiwe geskou het bymekaar
Mari Wessels
Lily Downey
Jandro Downey
PB Marais
Jaco Marais
Karel-Jan Smeda
Cullem Lee
Lihan Geldenhuys
Leendert Snyman (Jnr)

Drie uithaler vrouens



Sevvy de Bruin - Marleen & Daleen Esterhuizen



**SA Kampioenskap
skou
te Bloemfontein -
volledige uitslae**

Marleen Esterhuizen

<i>Region</i>	<i>Exhibitors</i>	<i>Entries</i>
<i>KwaZulu-Natal</i>	5	75
<i>Noord Kaap</i>	5	126
<i>Noord-van-die-Vaal</i>	18	294
<i>Noord Vrystaat</i>	14	236
<i>Oostelike Provinsie</i>	3	21
<i>Oostelike Streek</i>	4	61
<i>Suid Westelike Distrikte</i>	2	31
<i>Vrystaat</i>	6	76
<i>Wes Kaap</i>	8	193
<i>Wes Transvaal</i>	7	234
Totaal	72	1347

Die inskrywings vir die skou het eers half op die einde begin instroom en dit was met blye harte wat ons die getal inskrywings dopgehou het. Die finale getal duiwe wat ingeskryf was was 1347 wat 74 rasse verteenwoordig het en wat deur 72 vertoners vertoon was. Uit hierdie getalle was 89 junior inskrywings wat 14 rasse verteenwoordig het en wat deur 9 junior lede vertoon was. Ons is dank-

baar dat daar inskrywings van uit elke streek in die land gekom het. Die gesentraliseerde skou was 'n eerste vir die SASV, maar ons dink die proeflopie was 'n groot sukses. Dankie aan elke vertoner en beoordelaar wat die skou bygewoon het. Hier onder volg die skou uitslae:

Raswenners word met * aangedui

Raswenners Seniors

Breed

Brunner Pouter
Norwich Cropper
Holle Cropper
Pigmy Pouter
Voorburg Shield Cropper
Canaria Cropper
King
Gros Mondain
Runt
American Giant Runt
Mookee
Carrier
Dragoon
Barb
African Toy
English Trumpeter
Fantail
Modena - Gazzi Marked
Modena - Schietti Marked
Eng S&B Muffed Tumbler
Nun

Best Young Bird

Plakkerskamp Boerdery *
Ds Renier Lee
Estreux Boerdery
Marleen Esterhuizen *
Robertson Lofts
Robertson Lofts
Hein Hoffman *
Rudie Viviers
Seppie Esterhuysen *
Chris de Bruin
Ruben Kitching
Derrick de Gouveia
Ds Hennie Hattingh
None
Hein Hoffman *
None
DSPS - Featherlove
Pieter Labuschagne *
Pieter Labuschagne *
Dr Graham Hartley *
Nicolette Sobreira *

Best Old Bird

Plakkerskamp Boerdery
Ds Renier Lee *
Round Belly Farms *
Marleen Esterhuizen
Marleen Esterhuizen *
Estreux Boerdery *
Hein Hoffman
Rudie Viviers *
Seppie Esterhuysen
At van Jaarsveld *
Phillip Lee *
Helene Roodt *
Piet Odendaal *
Dirk Scholtz *
Hein Hoffman
Andries Cilliers *
DSPS - Featherlove *
Johan & Karlien v Tonder
Pieter Labuschagne
None
None

Judge

Gerhard v Aswegen
Chris de Bruin
Ds Renier Lee
Nollie Oosthuizen
Chris van der Walt
Ds Renier Lee
Pieter Neethling
Rob Lombaard
Junior van der Walt
Christo Nel
Chris de Bruin
Ds Hennie Hattingh
Chris van der Walt
Ds Hennie Hattingh
Hendri Botha
Gert Venter
Lourens Muller
Heinrich Moldenhauer
Heinrich Moldenhauer
Chris van der Walt
Chris van der Walt

SA Botternek Tumbler	Estreux Boerdery	Estreux Boerdery *	Nollie Oosthuizen
English L/F Tumbler - C/L	Nicolette Sobreira	Wesmar Boerdery *	Christo Munnik
Eng L/F Tumbler - Muffed	CD Naude *	Tinus Labuschagne	Bertie Wessels
Eng Short Faced Tumbler	At van Jaarsveld	At van Jaarsveld *	Christo Munnik
Vienna SF Tumbler	Nadia van Aswegen *	Nadia van Aswegen	Christo Nel
Vienna L/F Tumbler - C/L	Round Belly Farms	Round Belly Farms *	Christo Nel
Felegyhazer Tumbler	Helene Roodt	Helene Roodt *	Chris van der Walt
Hamburg Schimmel	None	Floors van Wyk *	Chris van der Walt
Berlin LF Tumbler	Estreux Boerdery *	None	Chris van der Walt
Polish Helmet	At van Jaarsveld	At van Jaarsveld *	Chris van der Walt
Old Dutch Tumbler	None	Willem Nel & Familie *	Christo Munnik
Oriental Roller	Helene Roodt	Andries Cilliers *	Gerhard van Aswegen
Portuguese Tumbler	Jaco Bester *	Jaco Bester	Bertie Wessels
Rostower Tumbler	Nicolette Sobreira	Estreux Boerdery *	Christo Munnik
West of England Tumbler	None	Dr Graham Hartley *	Chris van der Walt
Limirick Tumbler	None	Wayne Nicholson *	Christo Munnik
Old German Owl	Nico Bester *	Leendert Snyman	Awie Esterhuizen
African Owl	Nicolette Sobreira	Leendert Snyman *	Shaun Smeda
Oriental Frill -Satinette	Nicolette Sobreira	Nicolette Sobreira *	Bertie Wessels
Oriental Frill - Blondinette	Nicolette Sobreira *	Shaun Smeda	Bertie Wessels
Italian Owl	Leendert Snyman	Leendert Snyman *	Bertie Wessels
Chinese Owl	Andries Cilliers	Andries Cilliers *	Pieter Neethling
Birmingham Roller	Karel-Jan Smeda *	Attie van Aswegen	Harry Munnik
SA Distance Roller	Tommy Laubscher *	Tommy Laubscher	At van Jaarsveld
German Beauty Homer	Hein Hoffman *	John Mowat	Nardus Marais
Working Homer	Janice Nel	Andries Cilliers *	Attie van Aswegen
American Giant Homer	Piet Odendaal	Pieter Neethling *	Ds Renier Lee
Syrian Dewlap	Estreux Boerdery *	Estreux Boerdery	Ds Renier Lee
Parlour Tumbler	Jaco Bester	Tommy Laubscher *	Bertie Wessels
American Show Racer	GJT Lofts *	GJT Lofts	Jannie van der Heever
Polish Lynx	Hein Hoffman *	Hein Hoffman	Gert Venter
Lahore	Dr Graham Hartley *	Hendri Botha	Christo Nel
Gimpel	Rudie Viviers	Rudie Viviers *	Bertie Wessels
Cauchois	Chris de Bruin	Chris de Bruin	Bertie Wessels

Christo Munnik Nasionale Beoordelaarsbeampste



*Teel met Roller duiwe vanaf 1963
en met Birmingham Rollers vanaf 1980
Teel nou ook weer met Barbs
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800*



Oktober 2022

Ice Pigeon - Muffed	None	Floors van Wyk *	Chris van der Walt
Scandaroon	Helene Roodt *	None	Christo Munnik
Old Dutch Capuchine	Ds. Hennie Hattingh	Ds. Hennie Hattingh *	Chris van der Walt
Damascene	Rudie Viviers	Rudie Viviers *	Awie Esterhuizen
Modeneser	Hendri Botha *	Graham Neethling	Christo Nel
Nuremburg Lark	Wayne Nicholson	Wayne Nicholson *	Chris van der Walt
Dutch High Flyer	Piet Odendaal	Chris de Bruin *	Chris van der Walt
Coburg Lark	Jaco Bester	Jaco Bester *	Chris van der Walt
Starling	Wayne Nicholson	Wayne Nicholson *	Christo Munnik
Stargard Shaker	Estreux Boerdery *	Estreux Boerdery	Gerhard van Aswegen
Swiss Mondain	At van Jaarsveld *	At van Jaarsveld	Ds Hennie Hattingh
Jacobin	Nollie Oosthuizen *	Sevannah de Bruin	Christo Nel
Frillback	Helene Roodt	Helene Roodt *	Marleen Esterhuizen
Indian Fantail	Tommy Laubscher *	Carel Laufs	Harry Munnik
Saxon Monk	Dr Graham Hartley *	None	Chris van der Walt
German L/F Tumbler	Nicolette Sobreira *	None	Chris de Bruin
Franconian Shield	Nicolette SobreiraA *	None	Chris de Bruin

Raswenners Juniors

Brunner Pouter	Cullem Lee	AN-JA-LI Boerdery *	Gerhard van Aswegen
Canaria Cropper	AN-JA-LI Boerdery	None	Ds Renier Lee
King	None	Jaco Marais *	Pieter Neethling
Mookee	Lihan Geldenhuys *	Lihan Geldenhuys	Chris de Bruin
Vienna S/F Tumbler	Nadia van Aswegen	Nadia van Aswegen *	Christo Nel
Rostower Tumbler	Karel-Jan Smeda *	None	Christo Munnik
Old German Owl	Lihan Geldenhuys *	None	Awie Esterhuizen
Birmingham Roller	Karel-Jan Smeda *	Karel-Jan Smeda	Harry Munnik
German Beauty Homer	Jaco Marais	Jaco Marais *	Christo Munnik
Working Homer	AN-JA-LI Boerdery	Lihan Geldenhuys *	Attie van Aswegen
Arabian Trumpeter	Lihan Geldenhuys *	Lihan Geldenhuys	At van Jaarsveld
Modeneser	Leendert Snyman (Jnr) *	AN-JA-LI Boerdery	Christo Nel

Top 7 Seniors

Award	Breed	Name
Show Champion	Mookee	Phillip Lee
Reserve Champion	Gros Mondain	Rudie Viviers
2nd Reserve Champion	Norwich Cropper	Ds Renier Lee
3rd Reserve Champion	Holle Cropper	Round Belly Farms
4th Reserve Champion	King	Hein Hoffman
5th Reserve Champion	Chinese Owl	Dries Cilliers
6th Reserve Champion	Satinette	Nicolette Sobreira
Best Young Bird	King	Hein Hoffman

Top 7 Juniors

Award	Breed	Name
Show Champion	King	Jaco Marais
Reserve Champion	Birmingham Roller	Karel-Jan Smeda
2nd Reserve Champion	German Beauty Homer	Jaco Marais
3rd Reserve Champion	Holle Cropper	An-Ja-Li Boerdery
4th Reserve Champion	Working Homer	Lihan Geldenhuis
5th Reserve Champion	Modeneser	Leendert Snyman (Jnr)
6th Reserve Champion	Gros Mondain	Mari Wessels
Best Young Bird	Birmingham Roller	Karel-Jan Smeda

Volledige Resultate

Brunner Pouter

Black YH

- 1 Plakkerskamp Boerdery
- 2 Plakkerskamp Boerdery

Brunner Pouter

Black OH

- 1 Robertson Lofts
- 2 Willem Nel & Familie
- 3 Robertson Lofts

Brunner Pouter

Black OC

- 1 Robertson Lofts
- 2 Robertson Lofts
- 3 Willem Nel & Familie
- 4 Robertson Lofts
- 5 Robertson Lofts

Brunner Pouter

White YH

- 1 Plakkerskamp Boerdery



- 2 Plakkerskamp Boerdery
- 3 Pieter Neethling
- 4 Pieter Neethling
- 5 Willem Nel & Familie

Brunner Pouter

White YC

- 1 Plakkerskamp Boerdery
- 2 Pieter Neethling
- 3 Pieter Neethling
- 4 Pieter Neethling
- 5 Marleen Esterhuizen

Brunner Pouter

White OH

- 1 Plakkerskamp Boerdery
- 2 Pieter Neethling
- 3 Pieter Neethling
- 4 Marleen Esterhuizen
- 5 Pieter Neethling

Brunner Pouter

White OC

- 1 Plakkerskamp Boerdery
- 2 Marleen Esterhuizen
- 3 Pieter Neethling
- 4 Willem Nel & Familie
- 5 Willem Nel & Familie

Brunner Pouter

Blue Bar YC

- 1 Roundbelly Farms

Brunner Pouter

Blue Bar OH

- 1 Roundbelly Farms
- 2 Plakkerskamp Boerdery

Brunner Pouter

Blue Bar OC

- 1 Estreux Boerdery
- 2 Plakkerskamp Boerdery

3 Roundbelly Farms

Brunner Pouter

Grizzle & Mottle YH

- 1 Roundbelly Farms

Brunner Pouter

Grizzle & Mottle YC

- 1 Roundbelly Farms

Brunner Pouter

Grizzle & Mottle OH

- 1 Roundbelly Farms

Brunner Pouter

Grizzle & Mottle OC

- 1 Roundbelly Farms
- 2 Roundbelly Farms
- 3 Estreux Boerdery

Brunner Pouter

AOSC Bar & Check YC

- 1 Roundbelly Farms

Norwich Cropper

Black YC

- 1 Hendri Botha
- 2 Hendri Botha

Norwich Cropper

Black OH

- 1 Ds Renier Lee



2 Ds Renier Lee
Norwich Cropper
Black OC
 1 Ettiene Oosthuizen
 2 Ds Renier Lee
 3 Ds Renier Lee
 4 Ds Renier Lee
Norwich Cropper
Dun & Brown YH
 1 Ds Renier Lee
Norwich Cropper
Dun & Brown YC
 1 Ds Renier Lee
 2 Hendri Botha
Norwich Cropper
Dun & Brown OH
 1 Ds Renier Lee
 2 Ds Renier Lee
Norwich Cropper
Dun & Brown OC
 1 Ds Renier Lee
Norwich Cropper
Red & Yellow YC
 1 Hendri Botha
Norwich Cropper
Red & Yellow OH
 1 Ds Renier Lee
Norwich Cropper
Red & Yellow OC
 1 Ds Renier Lee
Norwich Cropper
AS Colour Bar YC
 1 Hendri Botha
 2 Hendri Botha
Norwich Cropper
AOS Colour YC

1 Hendri Botha
Norwich Cropper
AOS Colour OC
 1 Ds Renier Lee
Holle Cropper
Red/Yellow Marked YH
 1 Roundbelly Farms
Holle Cropper
Red/Yellow Marked YC
 1 Roundbelly Farms
 2 Roundbelly Farms
Holle Cropper
Red/Yellow Marked OC
 1 Roundbelly Farms
 2 Roundbelly Farms
 3 Roundbelly Farms
Holle Cropper
Blue Marked OH
 1 Estreux Boerdery
 2 Estreux Boerdery
Holle Cropper
Blue Marked OC
 1 Estreux Boerdery
 2 Estreux Boerdery
Holle Cropper
White Self YH
 1 Estreux Boerdery
 2 Pieter Neethling
 3 Pieter Neethling
 4 Estreux Boerdery
Holle Cropper
White Self YC
 1 Estreux Boerdery
 2 Estreux Boerdery
 3 Pieter Neethling
Holle Cropper

White Self OH
 1 Estreux Boerdery
 2 Estreux Boerdery
 3 Pieter Neethling
Holle Cropper
White Self OC
 1 Estreux Boerdery
 2 Pieter Neethling
 3 Pieter Neethling
 4 Estreux Boerdery
Holle Cropper
Black Self YH
 1 Roundbelly Farms
Holle Cropper
Black Self YC
 1 Roundbelly Farms
Holle Cropper
Blue Bar YH
 1 Andries Cilliers
Holle Cropper
Blue Bar OH
 1 Roundbelly Farms
 2 Roundbelly Farms
 3 Pieter Neethling
 4 Roundbelly Farms
Holle Cropper
Blue Bar OC
 1 Roundbelly Farms
 2 Roundbelly Farms
 3 Pieter Neethling
 4 Roundbelly Farms
Holle Cropper
Cream Bar OH
 1 GJT Lofts
 2 GJT Lofts
Holle Cropper

Birmingham Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483

April 2022



Cream Bar OC

1 GJT Lofts

Holle Cropper**Mealy YH**

1 Roundbelly Farms

2 Roundbelly Farms

Holle Cropper**Mealy YC**

1 Roundbelly Farms

2 Roundbelly Farms

3 GJT Lofts

Holle Cropper**Mealy OH**

1 Pieter Neethling

2 Roundbelly Farms

3 Roundbelly Farms

Holle Cropper**Mealy OC**

1 Roundbelly Farms

2 Roundbelly Farms

3 Roundbelly Farms

4 Roundbelly Farms

Holle Cropper**AOS Colour Bar OH**

1 Estreux Boerdery

2 Roundbelly Farms

Holle Cropper**AOS Colour Bar OC**

1 Estreux Boerdery

Holle Cropper**Blue Check YH**

1 Pieter Neethling

2 Roundbelly Farms

Holle Cropper**Blue Check OH**

1 Roundbelly Farms

2 Roundbelly Farms

Holle Cropper**Blue Check OC**

1 Roundbelly Farms

2 Pieter Neethling

3 Roundbelly Farms

Holle Cropper**Red Check YH**

1 Estreux Boerdery

2 Roundbelly Farms

Holle Cropper**Red Check YC**

1 Estreux Boerdery

